

# Volmaakte Geloof

Jeffersonville, Indiana, USA  
25 Augustus 1963 (Aand)

1 Ons Hemelse Vader, dit is ons bedoeling vanaand. Ons het saam vergader om net te glo, net die Here Jesus te glo. Daar is diegene hier vanaand wat siek en beproef is, en ons het ons—ons—ons diens vanaand toegewy aan die genesing van die siek en gebroke liggaam. Nou, soos die sanger net daardie pragtige gesang gesing het, *Toe het Jesus Gekom*, mag U vir ons op die toneel kom vanaand, Here, en almal genees wat beproef is, en daar sal nie 'n swak persoon in ons midde wees vanaand nie. Skenk dit, Here, en help ons soos ons nou na die Woord kyk om voldoende geloof te vind vir hierdie uur. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

2 [Broer Branham praat met iemand op die platform — Red.] Daar's 'n bril hier wat iemand verloor het en is in die kerk gevind. As enigiemand ... as dit aan jou behoort, wel, dit is hier op die platform, op die preekstoel.

Nou, ek weet dat baie werk en hulle moet vroeg huis toe gaan, en so ek sal nie baie lank praat nie; en dan 'n gebedsry hê om vir die siekes te bid. Dit gee my 'n geleentheid om—om agter te kom in sommige van die noodgevalle wat pas in die kamer was, hulle te vang net nou voor hulle ingekom het, en vanmiddag. Party van hulle, natuurlik, is baie, baie sleg en geweldig. En ek het ook die oproepe gemaak en vir die siekes gebid. Sien die hand van ons Here Jesus genees die siekes en die beproefdes, hoe wonderlik is Hy nie!

Nou, nie te dikwels kom ons in hierdie genesingsdienste nie, want gewoonlik sal ons ... die Heilige Gees sal kom as daar enige noodgeval is, en dit baie vinnig onderskei, en dit uitkies en iets daarvoor sê. Dan die res van hulle, wel, ons ... miskien is dit niks te sleg nie, so ons gee dit net aan. En ek het gedink, synde twee keer hier vandag, behoort dit te wees dat ons een diens toewy vir 'n gebed vir die siekes. Ek glo in die genesing van die siekes. Ek glo dit is 'n Bybelse opdrag. Ons kan dit nie preek, sonder ... die volle Evangelie, sonder om dit in te sluit nie.

3 Nou, dis moontlik ... Ek weet nog nie, ek het nog nie vanaand huis toe gebel nie, dit mag moontlik wees dat ek volgende Sondag weer hierdeur sal wees. En as julle—as julle nie hierdie week van ons hoor nie, as Billy julle nie laat weet nie (hy sal 'n bietjie later in die week weet), as julle dit nie hoor nie, dan sal ons weer hier wees volgende Sondag; want dit gee julle Arbeidsdag, julle sien, om te rus, en so ... of om tuis te kom. Sien? En so sal ons probeer, as die Here wil. Nou, wel, as julle nie hoor ... Ek dink Billy gee vir jou 'n kaartjie, of vertel jou deur die dienste op 'n manier, so as hy jou nie bel nie, dan kom ek terug vir—vir hierdie volgende komende Sondag. As, Broer Neville, dit reg is, een van die dienste? [Broer Neville praat met Broer Branham — Red.] O, dis goed.

4 As enigeen wil weet, hierdie klein Collins, hier. En gedurende die tyd van die Sewe Seëls, het die dokters daardie seuntjie vertel, met rumatiekkoors, dat hy op sy rug moes lê en deur 'n buis drink; dit—dit was dit. En die vader en moeder het hom van die huis af gebring en hom in die kamer gesit, vir hom gebid. En die Here Jesus het hom so volkome genees, hy het teruggegaan skool toe; en die owerhede het hulle daarvoor ingeroep. Toe het hulle die spesialis gebel wat hom behandel het en sy kon nie glo ... Hy kon nie so iets soos daardie glo nie en hulle het die seun gebring vir 'n toets, en hy was heeltemal normaal en gesond. Toe Jesus gekom het, toe was die versoeker se krag gebreek!

Julle weet, vreemde ding, ek sou iemand vra om daardie lied vanaand te sing. En soos ek in die kamer daar bedien het, hier het dit gekom, iemand wat dit hier gesing het, *Toe het Jesus gekom*. As dit—dit nie gesing was nie, sou ek iemand vra om dit te sing voor ek—ek vanaand gepraat het. So, Hy—Hy werk alle dinge reg.

5 Nou, baie van julle sal oorbly tot in die oggend, wat 'n lang afstand het om te gaan en ek—ek waardeer daardie—daardie poging. Party van julle sal huis toe ry vanaand, want julle moet teen dagbreek werk toe gaan, in die oggend, en ek—ek weet dis moeilik. En dan wanneer ek dink en dit sien, ...

Ek kry ook buie, julle weet; ek raak humeurig. Ek kom by 'n punt waar ek ... Wat my kry, is wanneer ek by daardie buie kom wanneer ek heeltemal oorwerk is en Satan kom sê vir my: "Wel, niemand gee om vir jou nie. Jy het regtig nie 'n vriend in die wêreld nie, sien." En so dit ...

Onthou, ek is nie immuun teen die versoeking nie. Sien, ek moet dit oorwin. Dan wanneer ek terugkyk en iets soos hierdie sien, sit ek dit reg terug in sy gesig en sê: "Wat daarvan?" Dit help my om te oor—oorwin. "Wat daarvan?"

6 Soos 'n sekere vriend van my, wat in—in die diens hier sit, was daar 'n—'n—'n groep, soort van 'n—'n groep wat nie in Goddelike genesing glo nie, het onlangs na hierdie jongman gekom en vir hom gesê, "Daardie goed wat hulle daar preek oor daardie Goddelike genesing, daar's niks daaraan nie."

En hierdie man woon in Kentucky, reg naby 'n ou vrou wat, toe ons by Acton Kampeerterein was,

wat sterwend was aan kanker. En haar suster het daardie aand na die diens gekom met 'n sakdoek in haar beursie wat sy geneem het, en die Heilige Gees het die vrou destyds uitgeroep (en ek was nog nooit tevore in daardie land nie) en vir haar gesê dat "sy het 'n sakdoek in haar beursie, wat sy daar gehad het, wat sy van die huis af gebring het, en haar suster was bo-op 'n sekere rif daar, sterwend aan maagkanker. Die dokter het haar opgegee." En ek het gesê: "Gaan sit die sakdoek op die vrou, want SO SPREEK DIE HERE: 'Sy sal lewe.'" En dis die aand, die bure daar het gedink hulle het die Heilsleër gehad, toe Broer Ben daar opgekom het, en toe die ... En—en toe was daardie dame so volmaak genees totdat sy haar eie werk en die buurvrou se werk doen.

7 So hierdie jongman, wat dit geweet het, hy het gesê: "Verduidelik dan haar geval! Dit het dit afgehandel. Verduidelik; julle weet sy het kanker gehad. Sy was hier in Louisville en die dokters het die operasie uitgevoer, en het net eenvoudig gedraai: 'Werk haar toe, sit haar terug. Niks kan gedoen word nie.' En nou is sy heeltemal normaal, wel." Gesê: "Verduidelik dit." Dit het dit afgehandel. Sien?

Julle weet, in die Bybel, het gesê: "En hulle kon niks verkeerds sê nie, want die man het reg in hulle midde gestaan op wie die wonderwerk gedoen is." Dis waar ons ... Dit beskaam Satan, nie waar nie? Die man het daar gestaan waarop die wonderwerk verrig is.

Wek God die dooies op? Hier sit 'n man, net hier, opgewek uit die dood. God genees die siekes? O goeiste, die hande kon net oral heen gaan. God genees die siekes. En ons weet Hy's die groot—die groot EK IS, nie die groot "Ek was" of "sal wees" nie; EK IS. Dis reg. *EK IS*, wat "altyd teenwoordig is, oral, die hele tyd"; dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

8 Nou, om gou te maak, laat ons nou blaai in die geseënde Bybel. Ek wil 'n—'n gedeelte lees wat—wat my net "omgekeer" het toe ek dit gelees het. En ek wil vanaand 'n gebedsry hê en bid vir almal wat voor gebid wil word.

En nou gaan ons blaai na Markus, Markus, die 11de hoofstuk van Markus. En ons gaan begin lees by die—die 22ste vers van die 11de hoofstuk van Markus. En baie van julle ken hierdie Skrif, Dis baie bekend. Dit was die Skrif waaraan ek gedink het, Broer Russell, toe daardie ... toe Hy met my gepraat het en oor daardie eekhorings gesê het. En hulle ... dit was net die einste Skrif waaraan ek gedink het. Dit was altyd 'n raaisel. Hy het gesê: "As *julle sê*"; nie "As *Ek sê*" nie. "As *julle sê*!"

9 Nou, laat ons lees.

*... Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê.*

*Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see — en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur — hy sal verkry net wat hy sê.*

*Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.*

*En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.*

*Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie.*

10 Nou, geloof is dan gebaseer op vergifnis. En dan, soos ons vanmôre gesê het, die kerk probeer kry in die plek waar ons regtig apostoliese tye onder ons kon sien beweeg, dis waarna ons almal honger. En dit lê net reg voor die deur. Ons sien dit, maar ons wil meer daarvan sien. Ons wil dit so 'n vloei hê dat dit sal—dit sal vir ons 'n hulp wees, ons sal uitvloei na ander.

Onthou, Jesus (soos ons in die les gehad het vanmôre), Hy het nooit Sy krag vir Homself gebruik nie, Hy het dit vir ander gebruik. Dis waarvoor dit gestuur is. En jy dink partymaal: "Waarom sou 'n Man wat so vol krag was soos Hy, ooit siek gewees het?" Ja, meneer. Ek het in een of ander boek gelees, êrens, toe Hy daardie seun opgewek het, die weduwee se seun van Nain (ek glo, *Die Prins van die Huis van Dawid*), dat Hy op 'n rots gesit en gekreun het met 'n hoofpyn. Sien? Hy het ons swakhede gedra. *Verduur* beteken "om hulle te dra." Sien, Hy het verduur. En Hy het alle dinge gehad in ... soos ons het. Hy het siekte gehad, Hy het versoekings gehad, Hy het probleme gehad, Hy het verwarring gehad net soos ons het, omdat Hy die regte soort Middelaar moes wees; so Hy moes deelgenoot wees, die Landbouer van die vrugte, voordat Hy sou weet. Die vrou by die put en baie dinge, sien, as ons reg in die Skrif gekyk het.

11 Ek wil sê dat ek glo elke Skrif en elke stukkie Daarvan is waar. Daar is kritici vandag wat dit nie wil glo nie. 'n Kritikus het eenkeer gesê dat "toe Jesus daardie dissipels gestuur het na waar daardie vul vasmag was, waar twee weë ontmoet het, dat Hy dit vooraf gereël het tot waar daardie vul

vasgemaak was." Sien, hulle verstaan nie dat *God* dit vooraf gereël het nie.

God het vir my gesê, nou die dag, met Broer Dauch hier, dat ek sou "sy hand skud, weer op straat." Dis baie vreemd, ek was nie daardie oggend hier nie; maar twee minute langer, of 'n minuut langer, sou ek hom nie op straat ontmoet het nie. Maar ek het van die motor afgestap net betyds om sy hand te skud toe hy inkom, in die straat. Hy het my nie herken nie; hy het nie sy bril opgehad nie, hy kon my nie sien nie. Toe hy my stem gehoor het, het hy begin huil. Wat was dit? Gewoonlik doen hy dit nie, maar dit was 'n antwoord op wat hom daarbo onder die suurstoftent vertel is; hy sou dit doen.

Ek het gesê: "Jy sal ook weer in die kerk sit"; sy hartsbegeerte. Toe ons Chicago byeenkoms gehad het, wou hy na daardie diens kom, sy hart was daarvoor. Ek het vir hom 'n telegram van groete gestuur van ons en die kinders, vir hom gesê ons bid dat hy gesond sal word, sommer gou. En 'n liefdevolle broer wat hom besoek het, het gesê dat hy—hy net so graag wou kom. Maar hier sit hy vanaand saam met ons. Sien? Dit was nie vooraf gereël nie. Dieselfde God wat dit reël, Hy laat alles perfek op die punt werk.

12 'n Kritikus het eenkeer gesê dat "Geen wonder Jesus kon vyf brode neem en vyfduisend voed nie," gesê: "die brode was groter in daardie dag en Hy het net elke brood gesny om 'n duisend te voed."

"Ek gee jou te verstane, 'n seuntjie het dit in sy middagete gehad!" 'n Klein kindjie het vyf brode gepak wat vyfduisend mense kon voed en versadig kon wees. Wat dan van die twaalf mandjies vol wat daarna opgetel is? Sien? O, hulle is net ... dis net kritici, dis al wat dit is. Dit verander nie God se Woord nie. Dis net dieselfde, sien, beweeg aan.

13 Nou, ons wil nou oor geloof praat, en 'n ander tipe geloof: *Volmaakte Geloof*. Dis 'n groot ding. Nou, geloof, ons word in die Bybel vertel: "Geloof kom deur die gehoor." Nou, jy kan nie gered word sonder geloof nie. En geloof is iets wat jy moet glo dis daar, dat eintlik niks anders sal verklaar dis daar as geloof nie. Nou probeer ek geloof na julle toe bring sodat julle gereed kan wees vir hierdie gebedslyn binne die volgende paar minute.

14 Nou, geloof: "Hy wat na God kom, moet glo dat Hy is." En dis onmoontlik om—om God te behaag sonder geloof, jy kan Hom nie behaag nie. En as jy sê jy glo God ... jy het Hom nog nooit gesien nie, sien, so dan moet jy Dit glo deur geloof. En as jy Hom kon sien, sou dit nie meer geloof wees nie. Sien? Enigiets wat die sintuie verklaar, is nie meer geloof nie, dis 'n wetenskaplike feit; sien, dis nie meer geloof nie. Maar jy moet Hom aanvaar deur geloof. "En hy wat na God kom, moet God glo; en geloof kom deur die gehoor van die Woord van God." Sien? Jy moet eers glo *dit* is God se Woord, en jy moet na God kom deur die Woord. Sien? Neem net die Woord, wat Dit sê, en "Dis reg!" Alles anders teenstrydig Daarmee, is nie reg nie.

Abraham moes glo net wat daardie Stem vir hom gesê het. En toe hy honderd jaar oud was, vyf-en-twintig jaar later, het hy sterker geglo as wat hy vyf-en-twintig jaar gelede was toe Dit aan hom gegee is. Sien? Hy het Dit geglo. En "Hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie, maar was sterk, het God geprys, geweet dat Hy in staat was om te doen wat Hy beloop het." En dis die manier, elkeen moet so wees. Jy moet kom met 'n onfeilbare geloof, glo dat God die belofte gemaak het. Maar nou, jy moet in 'n posisie wees om daardie geloof te hê en dis waaroor ons gaan praat; sien, om daardie geloof te ontvang.

15 In Hebreërs, die Boek van Hebreërs, die 11de hoofstuk, word ons dit vertel.

*... geloof is die vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, ...*

Nou, hier is waar baie mense faal om hulle genesing te ontvang, of waarvoor hulle vra, want hulle neem geloof as iets wat dit nie is nie. Sien? Hulle glo dit nie. Dit—dis ... dit—dis nie verbeelding nie. Dit is 'n werklike substansie.

Nou, luister aandagtig! Sien, dit is nie wat jy jou voorstel nie. Dis net so werklik vir jou as wat enige sintuig van jou liggaam enigiets anders sal verklaar. Dis net so werklik as wat my oë sê: "Hierdie is 'n stuk papier." Dis net so werklik as om te sê dat "dit 'n lig is." Dis net so werklik as om te sê: "Ek voel my jas." Dis net so werklik soos—soos ek daardie baba daar hoor praat, of sy geluid maak. Sien, net so werklik, as musiek wat speel. Dis net so werklik as wat ek enigiets in my mond proe. Dit is so werklik, jy kan dit net nie vir iemand anders wys nie. Jy het dit alleen. Amen! Dis joune. Geloof is die substansie; sien, nie net 'n mite nie. So, baie mense kom ...

Nou, hierdie is baie diep lesse en ek sal die top daarvan bykom, dan grawe jy daarin. Sien?

16 Let op, dit is iets wat jy besit; nie verbeelding nie, as jy dit regtig het. Dis net so werklik vir jou as enige ander ding wat kan wees. Dis net so werklik as—as wat jy weet dat—dat jy in jou motor ry. Dis net so werklik as wat jy weet dat jy in die kerk sit. Dis net so werklik as wat jy my stem hoor. Dit is 'n substansie, nie 'n verbeelding nie, nie 'n emosie nie; maar iets wat jy het, en dit kom na jou toe deur die

Woord van God te hoor, en Dit alleen. "Geloof kom deur die gehoor en die gehoor deur die Woord van God." Dit plaas dit terug na waar jou geloof, dan, nie in een of ander individu is nie. Dis nie in 'n mens nie. Dis nie in 'n organisasie nie. Dis nie in 'n groep mense nie. Dis in God, want God is die Woord. Sien? Jou geloof is in God.

Geloof kom deur die gehoor van die Woord van God.

Dan wanneer God, deur Sy Woord, ... nie deur wat iemand anders gedoen het nie, iemand anders gesê het, maar deur wat God se Woord gesê het. Hy het gesê: "Laat elke mens se woord 'n leuen wees en Myne waar."

17 Nou, jy sien iemand anders iets doen deur 'n werk of daad van God, of 'n belofte van God; en baie van hulle sê: "Ek kan dit ook doen." Dis 'n verbeelding. En wanneer hulle dit doen, vind jy hulle verwoes daarbuite iewers. Dit moet 'n substansie wees. Nou, dit is potensieel 'n geloof. Dit is iets wat jou tot 'n geloof sal bring. Dis potensieel, asof jy my sou vra vir 'n eikeboom en ek gee jou 'n akker. Potensieel het jy 'n akkerboom, maar dit het nog nie homself voortgebring nie; maar wanneer dit homself regtig uitbring, is dit 'n akkerboom. En wanneer jy jou voorstel dat God dit doen, ... Maar wanneer dit aan jou goopenbaar word, is dit dan 'n geloof, 'n Volmaakte Geloof wat nie kan faal nie.

Dis waarom daardie visioene vir my so—so geweldig is, want dit is elke keer "reg" bewys. Sien? En ek weet dat Hy dit belowe het. En Hy het dit in Sy Woord belowe, en hier kom Hy en belowe dit vir hierdie dag. Daarom weet jy waar jy staan toe Hy so gesê het. Sien, dit gee my 'n geloof, want Hy doen nooit iets teenstrydig met Sy geskrewe Woord nie. Sien? En as dit teenstrydig was met die Woord, kon ek nie geloof daarin hê nie. Bring dit weer reguit terug na die Woord, sien, geloof in die hoor van die Woord van God. Jy moet die Woord hoor! God se Woord is daardie algenoegsame Woord. Dis al wat jy nodig het, is hierdie Woord.

18 Nou, geloof wat die substansie is, en daarin vind ons uit (in Hebreërs) wat geloof was en wat hulle gedoen het wie geloof gehad het. Sien, daar's baie kere wat mense vandag geloof het en môre het hulle dit nie; die volgende dag is daar *iets*, en *iets* anders. Maar wanneer God dit eenmaal anker en jy sien dit, is daar niks wat jou ooit daaruit gaan laat beweeg nie. Jy pik net, reik uit, veronderstel. En *veronderstel* is om "sonder gesag te waag"; jy probeer net *dit* en jy probeer *dat*, en gaan *hiernatoe*, en hardloop *hier*, en hardloop *daar*. Jy het nog nie die Geloof nie! Maar wanneer ... dit is wat ons "Geloof" noem.

Ek—ek—ek ... Verskoon my. Ek wil hê julle moet ... Dankie, broer.

Ek—ek wil hê julle moet dit nou begryp. Ons ... die Kerk moet Homself oplik in die krag van God. Hoe? Ons is te naby aan die einde, nou; en ek glo die Kerk is in 'n toestand waar ons Dit 'n bietjie dieper dinge kan leer en 'n deel van hierdie skyngeloof uitvryf, sien, en in iets werkliks kom. Sien? Dit moet iets wees wat jy weet!

En as jy sê: "Broer Branham, dit is nie die lig nie."

"Tog weet ek dis die lig."

"Hoe weet jy dis die lig?"

"Ek kyk daarna."

"Wel, hoe weet jy dat jy nie verkeerd kan wees nie?"

"My sig het altyd vir my verklaar dat dit lig was." Sien?

19 En dis waarom ek daardie visioene glo, omdat dit altyd vir my die waarheid verklaar, want dit kom van die Woord. Sien? Dan as Hy dit sê, dit handel dit af. Nou, wanneer dit so verklaar word, is daar nie meer raaiwerk nie, dit gaan wees. Dan hoor jy dit "SO SPREEK DIE HERE," sien, want dis—dis buite die menslike denke. Dis bo in die sfere van die Here se denke. Maar julle staan hier, net soos die Wynstok ... net soos 'n loot wat die vrugte voortbring wat in die Wynstok is. Sien? God gebruik die mens en die mens alleen. God gebruik nie masjinerie nie. God gebruik nie groepe mense nie. God gebruik nie organisasies nie. God gebruik individue, altyd!

20 Nou, geloof is die substansie en daardeur verstaan ons, word al daardie dinge gedoen. Dis nie 'n—dis nie 'n verbeelding nie, dit is 'n substansie; veral Volmaakte Geloof. Dis waaroor ek vanaand praat, by Volmaakte Geloof uitkom. Dit is nie 'n verbeelding nie.

Nou, ander het mense wat kom sê: "O, ek het alle geloof; o, ek het beslis." Wel, waarvoor staan jy dan hier? Sien? Sien? Sien, jou—jou einste optrede bewys dat jy nie het waarvan jy praat nie. Sien? As jy geloof gehad het, waarvoor staan jy dan in die gebedsry? Sien? Waarvoor doen jy hierdie dinge?

Sien, as jy Volmaakte Geloof gehad het, sou jy reguit na God kyk en dit glo, en wegstap. Jy sou—jy

sou nie nodig hê om in 'n gebedsry in te kom nie. Jy sou nie hierdie dinge nodig gehad het nie, want jou geloof het dit so gemaak. Sien? Wat sou die nut wees as ek sê: "Ek moet 'n hemp aantrek"? Ek het 'n hemp aan!

"Hoe weet jy jy het 'n hemp aan?"

"Wel, ek sien dit, voel dit en ek weet dis daar." Wel, dis net hoe werklik dit is wanneer Volmaakte Geloof dit in besit neem. Jy het nie—jy het nie meer nodig nie. Dis alreeds gedoen; julle weet dit.

"Hoe weet jy dit?"

"Geloof sê my so!" Dis dit. Sien? Begryp julle nou wat ek bedoel? Daardie Volmaakte Geloof.

21 Nou, met ander woorde, ek waag dit uit: "Wel, ek sal gaan. Die Bybel het gesê: 'Roep die ouderlinge, laat hulle met olie salf, bid daarvoor.' Ek weet, ek sal opgaan." En jy sê: "Wel, ek gaan genees word." Sien, jy maak jouself; as jy nie nou dophou nie, gaan jy jouself net—net opwerk. Dan wanneer hy deurgaen, sê hy: "O, ek—ek sien steeds nie." Sien, daar was jy, jy het nie geloof gehad nie!

Jou egte geloof sal dit net daar doen. Jou—jou egte geloof sal dit so werklik maak vir jou dat ... Kyk na daardie vrou met die bloedvloeiing, sy het gesê: "As ek net die soom van Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word." En sodra sy dit gedoen het, het sy gesê sy "het in haarself gevoel dat haar bloedvloeiing gestop het." Sy het dit werklik geglo.

En toe sy Dit aangeraak het ... om te bewys dat dit gestop het—dit het gestop, het Jesus omgedraai en gesê: "Wie het My aangeraak?" Daardie Volmaakte Geloof! En daardie selfde Volmaakte Geloof vanaand, sal Jesus Christus aanraak net soos dit toe het. Die vrou het gekom met 'n Volmaakte Geloof vir daardie tyd.

22 Nou, nou sien ons, aanvanklik het die dissipels nie hierdie Volmaakte Geloof gehad nie. Hulle het dit nie gehad nie, omdat hulle Christus gehad het, saam met Hom gewandel het; maar toe daarna, was Christus in hulle. En so, julle sien, dis dan moeilik om hierdie Volmaakte Geloof sonder die Heilige Gees te hê; Dit moet dit bring, Dit doen. Nou, julle sê: "Het die dissipels nie Volmaakte Geloof gehad nie?" Nee; want hulle het 'n epileptiese kind daar gehad, dat hulle hierdie duiwel uit hom probeer uitdryf het, en hulle kon dit nie doen nie.

En die vader het Jesus sien kom en hy het gesê: "Ons het my seun na—na U dissipels gebring en hulle kon hom nie genees nie." Sien?

En daarna het die dissipels Jesus gevra, gesê: "Waarom kon ons hom nie genees nie?"

En Jesus het gesê: "Vanweë die gebrek aan geloof, van julle ongeloof." Dis reg. "Vanweë julle ongeloof by ..."

23 Onthou nou, hulle het die mag gehad. Jesus het hulle mag gegee om die siekes te genees, om die dooies op te wek, en duiwels uit te dryf, net 'n paar dae tevore. Hulle het die mag gehad, maar nie die geloof om die mag te gebruik nie. Nou, daar's die Branham Tabernakel! Daar's die Kerk, die Bruid, vandag! Die Heilige Gees is hier met die krag, maar julle het nie daardie geloof om dit te beweeg nie. Sien wat ek bedoel? Dit neem geloof om dit te beweeg.

Hier: Ek het 'n dop gekry wat ek met die hand gelaai het. Ek weet wat dit sal doen deur ballistiek, soos die Woord, maar ek moet die geweer afvuur. Die vuur moet by die poeier kom. Die poeier het die krag, maar dit moet die vuur hê om dit aan te steek. En dieselfde ding, die poeier is in die dop, maar dit het geloof nodig om dit te laai en dit uit te gooi. Dis wat dit neem, sien, Volmaakte Geloof om die krag van die Heilige Gees aan te steek wat ons nou het, vandat Hy op ons gekom het; geloof om te ontbrand, om groot dinge te sien, is om ... die geloof, iets wat dit aan jou voorhou.

24 Met 'n hart vol vreugde stap jy in die siekekamer in, weet presies wat jy gaan sê. Stap daar in en weet wat gaan gebeur, iets is alreeds geopenbaar en jy weet dit. En jy stap in: "In die Naam van Jesus Christus, staan op daarvandaan. SO SPREEK DIE HERE!" Daar het jy dit; dis Volmaakte Geloof. As daar tienmiljoen mense sou staan wat sê dit sou nie gebeur nie, weet jy dit gaan in elk geval gebeur, want jy weet dit. Dit gaan gebeur. Ongeag van wat enigiemand anders sê, jy is die een wat die geloof het.

Kan julle julle voorstel, Josua, hy sou die ouderlinge van Israel bymekaar roep en gesê het: "Uh, broers, ons is die dienaars van die Here, ek wil graag hê julle moet sê ... vra die Here of dit in orde sou wees as—as Hy ons 'n bietjie meer sonlig sou gee, sien, en die son 'n rukkie terughou?"

Nee; hy het dit nodig gehad (en sonder gebed, sonder enigets), hy het dit nodig gehad en hy het net die son beveel! Hy het gesê: "Staan daar! Ek het nood en ek is in die diens van die Here, en Hy het my hierheen gestuur om hierdie werk te doen, en ek doen die beste wat ek weet hoe, en die vyand is verwerp, en hulle is hier; as ek die son laat sak, sal hulle bymekaar kom en vir my meer probleme

veroorzaak. So, staan stil! En, maan, jy hang daar!" Amen; sy het daar gehang vir vier-en-twintig uur.

25 Nou, as die wêreld draai en hy hou dit op, en die son bly in 'n plek en dit loop nie, wat het toe gebeur? Nou, jy het jouself 'n ongelowige gemaak as jy *dit* sê; en dan as jy dit nie doen nie, skeer jy sekerlik die gek met wetenskap, want hulle het gesê as die wêreld gestop het, het dit geval. So wat nou? En as jy sê God se Woord is nie reg nie, dan is jy 'n ongelowige. Sien? Maar dit het gebeur, dis die hoofsaak. Ek ken nie die meganika daarvan nie, maar dit het gebeur!

Ek ken nie die meganika van die Heilige Gees nie, maar ek weet Dit het op my geval. Ek—ek kan nie die meganika Daarvan sê nie, maar ek ken die seëninge Daarvan. Dit—dit is al wat ek—ek omgee om te weet, is die seëninge van die Heilige Gees. En meganika, Hy bewerk hulle. Dis Sy geheim.

Hierdie seun kon nie genees word nie, want ... Die dissipels het mag gehad; Jesus het hulle mag gegee om alle soorte siektes te genees, om duiwels uit te dryf, om die melaatses te reinig, en die dooies op te wek. Hy het hulle mag gegee, maar hulle het nie geloof gehad om die mag te bedryf wat hulle gehad het nie. En toe het hulle Jesus gevra en gesê: "Wel, nou, waarom kan ons dit nie doen nie?"

26 Nou, onthou, hulle het die Woord gehad; en die Woord was toe vlees. En die Woord het vir hulle gesê: "Ek gee *julle* mag." Amen! "Ek gee *julle* mag." En hulle het die mag gehad, maar hulle het nie geloof gehad om die Woord te bedryf wat in hulle was nie. Sien wat ek bedoel? Maar Jesus het dit gehad, Hy was die Woord en Hy het geloof gehad dat wat Hy gesê het sou gebeur. Hy het gesê: "O, bring hom hiernatoe. Hoe lank sal ek julle verdra?"

Hy het geloof gehad, met Sy mag. Hoe het Hy? Hy het gesê: "Ek kan niks in Myself doen nie." Hoekom? Hy het staatgemaak op wat Hy was; Hy het vertrou in die wete dat Hy die Woord was. En Hy het geloof in God gehad, Wat Hom die Woord gemaak het. Hy was God (die Woord) en hulle was in Hom, en dit het Hom geloof gegee omdat Hy Sy posisie verstaan het. Hy het geweet wat Hy was, want die Skrif het gesê Hy was *dit*. En hier het elke Skrif ingeskakel, om te bewys dat Hy presies was wat die Skrif gesê het Hy sou wees, en Hy het geweet wat Hy was.

27 Daarom het Hy staatgemaak op wat God Hom gemaak het. En as Hy dit gedoen het, kan ons dan nie staatmaak op wat God ons as gelowiges gemaak het nie? "Hierdie tekens sal hulle volg wat glo!" Hy het geloof gehad in wat Hy was. En as jy 'n gelowige is, het jy geloof in wat jy is: jy is 'n gelowige! En as jy geloof in God het, sê die Bybel hier in ... "As ons—as ons harte ons veroordeel, dan kan ons nie geloof hê nie; maar as ons harte ons nie veroordeel nie, dan het ons geloof, het ons vertrou teenoor God." As julle dit wil lees, gevind in Johannes 3:21. Ek het die Skrif daar neergeskryf.

Nou let op, Johannes ... Ek bedoel Eerste Johannes 3:21. Let op.

*... as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God;*

Maar solank jy dinge doen wat verkeerd is, kan jy nie vertrou teenoor God hê nie. So, julle sien, jy kan ... jy sal outomaties weet dat jy verkeerd is. Jy plaas jouself outomaties daar as 'n sondaar, deur te weet dat jy verkeerd is. Maar wanneer jou hart jou nie veroordeel nie en jy weet jy is 'n gelowige, en daar's niks tussen jou en God nie, kan jy vra wat jy wil en weet dat dit gegee sal word, want dis die Woord wat aan jou gegee is net soos dit was vir daardie dissipels.

28 Nou, die enigste ding wat jy dan moet doen, is om geloof te hê in wat jy is. Hê geloof in wat die Woord sê jy is! En Jesus het geloof gehad in die Woord van God, wat gesê het wat Hy was: "Dit is van My geskryf." Het Dawid nie, in die Psalms; en die profete, en hulle almal van Hom gepraat nie? "Ek is die Brood van die Lewe wat van God uit die Hemel kom." Amen! "Ek is daardie Boom van die Lewe uit die tuin van Eden. Ek is al hierdie dinge, EK IS WAT EK IS." En Hy het geweet met daardie Volmaakte Geloof, dat Hy die gesalfde Messias was, dat die Gees van God op Hom was. Hy het gesê: "Nou, Ek, in Myself, doen niks nie; maar dis My geloof in God." En God was in Hom, die Woord gemanifesteer. En wanneer die Woord van God in jou inkom, word dit gemanifesteer, want jy is 'n gelowige. Sien? En 'n gelowige is "die geloof van God wat in jou beweeg."

Hou julle daarvan? Ek—ek—ek hou van wanneer jy ... Ek hou daarvan om te leer van waar die ... hoe om ... wat geloof regtig is.

29 Omdat Hy geweet het Wie Hy was, sonder enige twyfel, het Hy geweet Hy was die Seun van God. Hy het dit geweet, want die Woord het geïdentifiseer. Die Woord van God het geïdentifiseer Wie Hy was. Hy het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie; maar as—as Ek nie daardie werke doen nie, moet My nie glo nie. Maar as Ek dit doen, glo dan die werke, want hulle is die gemanifesteerde Woord wat belowe is." O, as jy net daarvoor kan wakker word, 'n oomblik! Julle sien, die Woord Self het Hom geïdentifiseer, Wie Hy was. En Hy het gesê: "Wie kan My van sonde veroordeel?" Met ander woorde: "Wie kan My wys dat My lewe en My werke nie presies vervul wat Messias behoort te doen nie?" Niemand kon niks sê nie; want Hy was. Toe het Hy geloof gehad om te glo, toe; van wat ook al Hy gesê het, dit sou gebeur.

Toe het Hy omgedraai en gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook. 'n Klein tydjie en die wêreld sien nie meer nie; tog sal julle, want Ek sal met julle wees, selfs in julle. Moenie dink wat julle sal sê nie, want dit is nie julle wat spreek nie, dit is julle Vader wat in julle woon; Hy's die Een Wat die praatwerk doen. En Dis nie Ek nie, Dis die Vader Wat in My woon, Hy doen die werke." Sien wat ek bedoel?

30 Nou, die identifikasie van 'n Skrif Christen, hierdie Woorde het Jesus gesê: "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg." Nou, hoe kan jy jouself 'n gelowige noem, 'n volk, en daardie Woorde ontken? Hoe kan jy jouself 'n gelowige noem en enige van hierdie Woord ontken? Sien? Jy kan dit nie doen nie. Jy is nie 'n gelowige nie, daarom kan tekens nie volg nie, want jy aanvaar net wat jy wil glo en laat die res Daarvan ... jy sal Dit nie—glo dit nie. Maar jy moet die hele ding neem, en Dit glo. En wanneer jy waarlik glo (nie maak asof jy glo nie, maar regtig glo), dan volg hierdie tekens hulle wat glo.

O, kan jy 'n Christen vandag vergelyk met daardie Christene van lank gelede? Hoe daardie dissipels gewandel het in die krag van die Gees, beweeg deur die Heilige Gees, dit doen. Net 'n gevangene, soos ek gepreek het nou die aand, 'n gevangene van die Woord en wil van God; hy kon nie eens beweeg totdat God hom beweeg het nie. Sou julle nie graag 'n Kerk soos daardie wou sien opstaan nie? Dit gaan; terugkeer. Dit—dit moet kom. Dis reg. Dit gaan ... Dis nou op sy pad, glo ek.

31 Want die Woord het geïdentifiseer, Homself geïdentifiseer wat Hy was; en dieselfde Woord identifiseer ons. Sien? "As 'n man My liefhet, hou hy My gebod. En as hy sê hy het My lief en onderhou nie My geboorte nie (dis almal van hulle), is hy 'n leuenaar en die Waarheid is nie eens in hom nie."

Julle sê: "Wel, ek glo nie almal ..." Wel dan, dat ... jy's net 'n ongelowige, dis al. As die Bybel so gesê het, dit maak dit reg, dit handel dit Ewiglik af. Wat die Bybel gesê het, is die Waarheid.

Let op waar Hy vir ons gesê het: "As julle in My bly en My Woord in julle." Johannes 15: "As julle in My bly, ..." Sien, hê geloof in Hom. "Julle bly in My, en My Woord bly in julle, dan vra julle wat julle wil."

32 Nou, sien, Hy het geweet wie Hy was, daarom het Hy geloof gehad. Geloof kon voortbring toe Hy geweet het wat Hy was. Nou: "As julle in My bly en My Woord in julle," dan weet julle wie julle is. "Vra wat julle wil, dit sal vir julle gegee word."

Sou dit nie wonderlik wees vanaand as almal in daardie gebedsry kom, sê: "Ek is 'n Christen. Ek het geen veroordeling nie. Ek—ek weet dat my hart my nie veroordeel nie. Iets sê vir my dat vanaand die einde van my lyding is?" Jy gaan dit doen. Jy sal hier weggaan met iets. Maak nie saak hoeveel jy in emosie kom, hoeveel jy doen nie, dit sal nie werk totdat daardie Volmaakte Geloof homself in jou gemanifesteer en geïdentifiseer het, as 'n substansie nie. En wanneer dit daar is, dan gaan niks jou daarvan skud nie.

33 As—as jy kanker gehad het en die dokter jou gister gesê het dat jy dood sou wees voor Maandagoggend, (jou hele hart, jou asemhaling is weg, die kanker het jou opgeëet, jou bloedstroom het heeltemal kanker geword, wat dit ook al is); en Iets kom met hierdie substansie van hierdie egte geloof, Volmaakte Geloof is 'n substansie in jou gemaak, jy sal in daardie dokter se gesig lag.

Jy sou wees soos ou Elía toe hy op-en-af geloop het voor die afgod en gesê het: "Sal jy nie 'n bietjie harder roep nie? En miskien agtervolg hy." Hy het geweet wat hy gaan doen, want God het vir hom gesê wat sou gebeur. Hy het gesê: "Laat die god wat antwoord deur vuur, God wees."

Hulle sê: "Ons sal daardie voorstel neem." En hulle het water op die altare uitgegooi. En hulle—hulle het hulleself gesny en hulle het alles gedoen, en geroep: "O Baäl! O Baäl! Antwoord!"

34 Elía was net so kalm as wat hy kon wees. Hy het gesê: "Roep 'n bietjie harder," gesê—gesê: "miskien agtervolg hy. Miskien—miskien is hy op 'n visvanguitstappie. Miskien doen hy iets anders, julle sien. Hy's êrens daarbuite." Hulle het net ... Net gespot met hulle, want hy het geweet dit gaan gebeur.

O, kyk wanneer hy alles in orde het. Hy het daar uitgestap en gesê: "Here God van Abraham, Isak en van Israel!" Hy het hom nooit nou sy naam *Jakob* genoem nie, "bedrieër." Hy het hom *Israel* genoem: "prins by God."

"Here God van Abraham, Isak en van daardie Prins (Jakob), laat dit vandag bekend word dat Ek U dienaar is; en ek het dit gedoen, nie na my begeerte nie, nie wat ek opgemaak het nie, maar op U bevel het ek dit gedoen; U wil, U het my gesê wat om te doen. U het my gewys hierdie dinge sou hier wees. Nou, ek het die water op die altaar uitgegooi. Ek het al hierdie dinge gedoen volgens U bevel. Nou, laat dit bekend word!" En toe hy dit gesê het, het vuur uit die hemele geval. Hy was net so vol vertrouwe dat dit sou val, want hy het die substansie gehad. Hoekom? Die Woord het so gesê.

35 Nou, hierdie selfde Bybel is dieselfde God se Woord. En wanneer jy die substansie kan ontvang (dis Volmaakte Geloof); substansie dat hierdie belofte wat God gemaak het, *joune* is.

"Hoe voel jy, Broer Branham, wanneer jy daar staan en jy mense sien kom in verskillende tale en

dinge? Is jy bang?" Nee, meneer. Nee, meneer. Hy het so gesê! Was nog nooit bang nie, want Hy het my so gesê en ek glo dat dit Waarheid is.

As Hy my vanaand gesê het om na die presidensiële begraafplaas te gaan en George Washington môreoggend op te rig, sou ek die hele wêreld uitnooi: "Kom en sien hoe dit gedoen word." Ek sou sê: "Bring elke ... kry—kry elke kritikus wat jy kan en laat hulle rond staan, julle gaan die Heerlikheid van God sien. Sit daardie stoel hier waar jy kan gaan sit en 'n rukkie rus; hy sal hier wees binne 'n oomblik, sodra ek roep."

36 Daardie aand toe daardie seuntjie in Finland, daardie dag, liever; daar dood lê, lê daar vir 'n halfuur, deurmekaar, bloed loop uit oë, neus en ore; sy beentjies gebreek in sy kouse; en sy voete uit deur die punt van sy kouse, sy skoene weg. Ek het gekyk en ek het gedink: "Dit behoort daardie seun te wees." Ek het gesê: "Sê, laat ons agter in daardie Bybel kyk, Broer Moore."

Ons het Broer Lindsay gekry, Broer Moore het daar agterin gekyk: "'En dit sal gebeur, 'SPREEK DIE HERE,' (O, goeiste!) "'Daar sal 'n—'n land wees waar baie immergroen groei. Klippe sal teen mekaar gepak wees. 'n Seuntjie met 'n geknipte kapsel, kortbroekie hier bo toegeknoop en sy voete ... sy kouse hoog opgetrek. Hy sal bruin oë hê, hulle sal omgedop wees. Hy sal sterf in 'n motorongeluk. Maar lê jy jou hande op hom en hy sal weer lewendig word.'"

37 Daar was Dit, daarop geskryf. Daar het hy gelê, amen, net op die Woord gewag. Ek het gesê: "As hierdie seun nie lewe binne 'n paar minute van nou af nie, dan is ek 'n valse profeet, jaag my uit Finland uit. Maar as hy lewe, val op julle gesigte en bekeer julle!"

Ek het gesê: "Dood, jy kan hom nie vashou nie." Ek het sy gees geroep volgens die Woord van God: "In die Naam van Jesus Christus," hy het opgespring. Reg! Sien? O, goeiste! Geloof, sien, het 'n houvas gekry. God het so gesê, daar is dit!

Nou, dis—dis God wat in hierdie dag spreek deur visioen. Maar dit: as daardie visioen teenstrydig was *Hiermee*, sou dit verkeerd wees; *Hierdie* is meer as die visioen. As enige visioen teenstrydig met die Woord is, laat dit alleen; dit is nie van God nie, God weerspreek nie Sy Eie Woord nie.

So, as hierdie Woord jou iets vertel het, dan kan jy dieselfde vertrouwe hê in wat gaan gebeur. Daar's niks, ... As Dit sê: "Hulle sal hande op die siekes lê en hulle sal gesond word"; wel, broer, as geloof, daardie Volmaakte Geloof, 'n houvas daarop het, sou jy ... wanneer jy by hierdie gebedsry verbygaan, sou jy spring en uitroep totdat jy ... wanneer jy hier weg is: "Dis verby!" Dis verby! Dis alles verby, dis klaar! As jy 'n versoek in jou hart gehad het en glo dat wanneer daardie gebed daarvoor gemaak is, dit beantwoord sou word, daar nie iets is wat jy bespreek nie, dis wat gaan gebeur; soos die vrou met die bloedvloeiing.

38 Jesus het Volmaakte Geloof gehad. Hy—Hy het dit gehad en dit het gekom omdat Hy die Woord was. En jy word die Woord; jy word die Woord, soos jy die Woord ontvang. "As julle in My bly en My Woorde in julle. My Woorde wat ..." (*hierdie* Woord) "bly in julle, vra dan wat julle wil en dit sal vir julle gedoen word." Sien? "As jy vir hierdie berg sê: 'Word verskuif,' en nie twyfel nie, maar glo in wat jy gesê het, dan sal jy hê wat jy gesê het. Wanneer jy bid, glo dat jy sal ontvang wat jy vra en jy sal dit kry; dit sal vir jou gegee word." Tyd, ruimte, niks anders sal dit ooit verander nie. Jy weet dis gedoen. Dis alreeds—dis alreeds gedoen.

39 Nou, kyk! Nou, en Hy het vir ons gesê: "As julle in My bly en My Woord in julle," Johannes, hier: "kan julle vra wat julle wil, dit sal gedoen word." Herken dan jou posisie in die Skrif, as 'n gelowige. Sien, jy moet jou posisie herken, soos Hy Sy posisie herken het.

"Is daar nie geskrywe dat Christus sal kom en wat Christus alles sou doen nie?" Hy het vir Cleopas-hulle daardie oggend gesê: "Is daar nie geskrywe in die Skrifte dat hulle moet ... dat Hy moet ly en dan doodgemaak word en opstaan op die derde dag nie?" Gesê: "Waarom is julle so traag van begrip?"

En hulle het gedink: "Goeiste, hierdie man praat 'n bietjie anders as ander mense." Kom om uit te vind, toe hulle in die herberg gekom het, was dit Hy. Sien, hulle oë is van Hom weerhou. Sien, hulle het geweet dat Hy daardie Skrif uitgelê het en hulle het geweet Dit was Hy.

40 Nou, julle moet glo waarvoor julle vra. As jy 'n gelowige is, herken jouself as 'n gelowige. Herken dat hierdie dinge vir jou is.

As daar veroordeling in jou lewe is, maak dit eers reg. Sien? As jy veroordeling het in jou ... Ek ... of jy mag Oral Roberts hê en—en nog 'n dosyn mense wat geloof het om hierheen te kom en oor jou te bid, en op en af spring, en olie op jou gooi by die liters, dit—dit sal steeds nie beweeg nie. Dis reg.

Wat val af van Oral se dienste daarop? Ek vang hulle in die gebedsry. Julle hoor Hom sê: "Jy was voorheen voor gebid. 'n Man met donker hare, soort van groot kêrel, groot kakebeen." Dis Oral Roberts.



Sien? “En dit was in 'n *sekere* stad; genoem *sekere*, *sekere* ding.”

“Ja, dis reg.” Sien?

“Vir jou is gebid deur *so-en-so* 'n man.” Sien, soos dit. “Maar hier is dit. Hier is jou probleem.” Sien? “Gaan maak daardie ding reg. Gaan daarheen en bely daardie sonde aan jou man, aan jou vrou. Gaan doen *hierdie* ding.” Dit sal jou nie enige goed doen nie, maak nie saak vir wie jy bid nie, totdat jy dit regmaak nie. Veroordeling is in jou hart en God sal nie in daardie veroordeelde hart kom nie. Sien? God woon nie daarin nie; jy moet dit regmaak. Dan wanneer jy dit doen, moet jy geloof hê. As alles reg is, moet jy geloof hê en dit glo. Moenie bang wees nie.

41 In die Boek van Job, sê Dit hier: “Job het gevrees.” En wat hy gevrees het, dit het werklik gebeur. Wat het dit gebring? Sy vrees. Dis wat dit laat gebeur het. Sy geloof sou hom daarvan weerhou het, maar sy vrees het hom gebring ... dit vir hom gebring. Hy was bang dit gaan gebeur, en dit het gebeur. Nou, as hy—hy geweet het dit sou nie gebeur nie, sou dit nie gebeur nie. Sien wat ek bedoel?

As jy bang is wanneer jy by die gebedsry kom: “Miskien het ek net nie genoeg geloof nie”; dit sal nooit gebeur nie, moenie bekommerd wees nie. Sien? Maar as jy weet dit gaan gebeur, sal dit gebeur. Sien? Sien, dis 'n substansie van iets. Job het 'n vrees gehad dat hierdie dinge oor hom sou kom, en hulle het. As jy 'n vrees het dat jou siekte jou gaan verlaat ... of jou nie sal verlaat nie, sal dit nie. As jy 'n geloof het, dat dit sal.

Jy vra enige mediese dokter. Die eerste ding wat hy jou sal probeer kry om te doen, is om vertrou te hê in die medisyne wat hy jou gee. As jy geen vertrou daarin het nie, moet jy dit liever uitlos. Sien? Sekerlik! Wat is dit dan? Dis geloof wat die genesing doen; dis geloof wat dit die healtyd doen.

42 Petrus, hy het goed gedoen totdat hy bang geword het. Die Woord het vir hom gesê hy kon op die water loop. Hy was eers bang, hy het gedink dit was 'n—'n spook, en hy het gesê: “Here, as dit U is, beveel my om na U te kom op die water.”

Gesê: “Komaan.” Nou, dis net dieselfde as Jakobus 5:14, dieselfde as Markus 16. Dieselfde God het Dit gesê, gesê: “Komaan.” En so het hy begin loop. Hy het goed gedoen, uit die skuit geklim, begin loop op ...

Daar was 'n storm op die see, julle weet; groot, witkap golwe, groter as hierdie heuwels hierrond, die skuim wat bo-op hulle breek; geweldig, miskien vyftien, twintig voet skuim, die witkappe breek. En dit was 'n vreeslike ding vir hom om te vra: “As dit U is, Here, ...” Sien, Hy het gelyk soos 'n ... daar het gelyk soos 'n skaduwee of 'n gees. Hy het gesê: “As dit U is, beveel my om na U toe te kom op die water.”

Jesus het gesê: “Komaan.”

En hy het uitgeklim, gesê: “Dis die Here, ek sal net loop.” Maar toe hy sy oë op die golwe gekry het, het hy bang geword. Wat het in sy gedagtes opgekom? Eerste ding, hy ... “Ek gaan loop omdat die Woord vir my gesê het om te loop.” En die volgende ding, hy het gekyk na sy ... wel, hy het na sy simptome gekyk; hy het daar uitgekyk en gesien hoe groot daardie golwe was, en hy het bang geword; en toe hy het, het hy gesink. Sien? Wat hy gevrees het, het gebeur! Wat hy geglo het, het gebeur! Toe hy geglo het hy kon loop, het hy geloof; toe hy geglo het en bang geword het in sy geloof, toe het sy substansie hom verlaat. Sien? Hy het steeds sy geloof bely, maar hy het nie die substansie gehad nie. Die substansie sou reg bo-oor daardie witkap gegaan het en reguit na Hom gegaan het, sien, as hy die Volmaakte Geloof het. Sien? Maar hy het dit nie gehad nie. Hy het gedink hy het. Hy het aanvanklik, hy was gewillig om dadelik te waag: “Wel, die *Here* het my gesê om dit te doen, dit moet gebeur.” So hy klim net reguit uit die boot uit en begin loop. Hy het nooit gedink aan die—die—die—die golwe, hoe teenstrydig hulle was nie. Hy het dit nooit in sy gedagte gehad nie.

43 Nou, wanneer jy begin dink: “Wel, wag nou. En, jy weet, ek was so lank siek, ek ...” Stop! Jy kan net sowel teruggaan na die boot. Sien? Sien? Maar wanneer jy ophou dink daaraan, ...

“Abraham het nie sy eie liggaam geag nie, nou dood, ook nie die doodsheid van Sara se skoot nie.” Hy het nie daaraan gedink nie, het dit nie eens oorweeg nie. Dit was nie eens gebring tot—tot begrip nie. Hy het glad nie eens oorweeg nie; hy het net oorweeg wat God gesê het, en hy het voortgegaan. So—solank Petrus dit gedoen het, het hy geloof.

44 Maar Jesus het gelewe in 'n wêreld waarvan niemand geweet het nie, Hy was 'n vreemde Persoon. Hy het geleef in 'n wêreld van Volmaakte Geloof in die Volmaakte God, waarin Hy was. As ons in 'n Volmaakte Geloof van 'n Christen gelewe het, vir wat ons is, sou ons 'n mistikus vir die wêreld wees; die mense sou jou nie verstaan nie. Jy sou in die Gees wandel. Wat die Gees gesê het, sou jy doen. Wat Dit verbied het, sou jy nie doen nie. Dan begin die mense sê ... hulle ... jy sou 'n—'n mistieke persoon vir hulle wees.

Dis hoe dit vir alle gelowiges is, hulle is 'n mistikus. Die mense verstaan nie, want hulle lewe in 'n wêreld van hul eie. Jesus het in 'n wêreld gelewe wat niemand anders kon aanraak nie. Die dissipels kon Hom nie verstaan nie. Toe Hy met hulle gepraat het, sê hulle *dit*. En toe het hulle gesê: "Wel, U—U praat in raaisels! Ons—ons verstaan dit nie. Hoe kan dit wees?" Sien, hulle was nie in die wêreld waarin Hy gelewe het nie. Sien, hulle kon Hom nie verstaan nie, niemand kon Hom verstaan nie.

45 En so wanneer 'n man deur geloof lewe en deur geloof wandel, ek bedoel vaste geloof, is hy geïsoleer van die hele wêreld en word 'n nuwe skepsel in Christus. Daar, nou kom jy in Bruid materiaal. Sien? Sien? Sien? Jy raak nou in wegrapingstoestand. Dit beteken vir elkeen van ons; nie net die pastoor, diakens, trustees nie. Dit beteken vir die leke, elke individu wandel in 'n wêreld met God alleen. Jy is gedoop in hierdie Koninkryk in en daar's niemand daarbinne behalwe jy en God nie. Sien? Hy gee die opdragte en jy voer hulle uit. Wat Hy ook al sê, daar's nie 'n skaduwee van twyfel nêrens nie, jy loop reguit voort. As die Here *dit* sê, is daar niemand in die wêreld wat jou daaruit kan praat nie, jy gaan net voort net dieselfde. Nou kom jy in Volmaakte Geloof, volmaakte volmaaktheid wat nie kan faal nie. *Daardie* geloof faal nooit. Ja, Hy was 'n mistikus vir hulle met Sy Volmaakte Geloof; en so is dit nou met diegene wat Volmaakte Geloof het, is 'n mistikus vir ander.

46 Ons word geleer om "die duiwel te weerstaan, en hy sal van ons af wegvlug." Nou, om te *weerstaan* is om net eenvoudig "hom weg te wys"; *weerstaan* hom net, dit is "loop net weg daarvan." God het 'n sekere ding gesê; maak nie saak wat hy jou probeer vertel nie, jy luister nie eens na hom nie. Julle het ... julle ore is doof vir enigiets anders as wat die Gees sê. Sien? "Aan hom wat 'n oor het (wat luister), kyk wat die Gees aan die gemeentes sê"; die een wat die luisterpos het, wat vang wat die Gees vir die kerke sê. Sien?

47 Wat Satan sê: "Wel, ek kan net nie ..." Dit het niks te ... "Wel, as jy *dit* leer, sal die denominasie ..." Dit het niks daarmee te doen nie, hy gaan net dieselfde voort.

